

# Belê in buiteland is nou die slim besluit

**Flip Meyer, Centurion**

Finansiële markte is in 'n harwar. Kredietmarkte is kreupel, terwyl die skerp daling in die aandelemarkte en huisspyse alleen nagenoeg \$9 000 miljard van die VSA se welvaart weggevee het.

Dit is gelykstaande aan 60% van die land se jaarlikse bruto binnelandse produk.

Mnr. Karl Leinberger, beleggingshoof van Coronation Fondsbestuurders, sê in tye soos dié staan beleggers in die versoeking om enige bate wat 'n mate van risiko inhou, te verkoop en dit in kontant te omskep.

Baie beleggers meen dit is nie nou tyd om dapper te wees nie, maar dat die tyd aangebreek het om hul kapitaal te beskerm en terselfdiertyd inkomste te verdien.

Leinberger sê kontant kan miskien mense help om snags rustig te slaap, maar dit is die verkeerde strategie om te volg wanneer jy 'n langtermynbelegger is.

Die huidige waarde van aandeel bied geleentheid wat net een keer in 'n genera-

sie ondervind word.

Die meeste Suid-Afrikaners se blootstelling aan buitelandse aandeel is gewoonlik ondergewig.

Daar bestaan grootliks twee redes hiervoor:

Valutabeheer weerhou hulle daarvan om oor 'n sekere perk te belê. Voorts was die opbrengste in die plaaslike aandele-mark vyf jaar lank (voor die jongste tui-meling) uitstekend. Wanneer iemand goeie opbrengste in Suid-Afrika verdien het, hoekom sou hulle na die buiteland kyk?

Coronation Fondsbestuurders se portefeuljebestuurders wat namens kliënte in die buiteland belê, sê die deursnee-belegger wat met 'n langtermynsiening spaar, behoort tussen 20% en 30% van sy portefeulje in buitelandse aandeel te he.

Teen die huidige lae waardes is daar uitstekende geleenthede.

"Kliënte vra hoe ons buitelandse beleggings kan aanbeveel wanneer die wêreld in 'n resessie is.

"Ons gaan nou deur die eerste wêreld-resessie sedert die 1930's. Dit kan diep en

lank wees," sê Leinberger.

Daar bestaan dus 'n paradoks.

Soms moet 'n mens koop wanneer die nuusvloei uiters negatief is en pryse gedaal het. In teenstelling hiermee is dit soms nodig om te verkoop wanneer aandele markte op die kruin ry en die vooruitsigte goed is.

"Ons meen dit is nou die regte tyd om oorsese aandele te koop en nie te verkoop nie," sê Leinberger.

Hy grond dit op verskeie redes, waarvan een is dat daar wel 'n krisis in finansiële markte is, maar nie 'n finansiële Armageddon nie.

Voorts wys hy daarop dat elke krisis van die afgelope 20 jaar kort en skerp verloop het. Voorbeelde was in 1987, die vroeë 1990's, 1998 en 2002 en 2003.

"Hoewel ons nie meen dit nou gaan gebeur nie, sal die stimulerings wat regering aangepak het om die skade te probeer herstel, wel die ekonomiese van die wêreld stabiliseer."

Volgens hom kan dit egter verskeie jare duur om die nagevolge van te hoë huisspyse te hanteer.

